

# Die Christelike Vrou

Leéf die liefde



Amptelike mondstuk van die NHSV



Januarie/Februarie 2022

## Tien volle jare

### Terugblik op tien jaar se uitgawes

**In die bestek van tien jaar kan baie gebeur, en dit was ook so in die tien jaar sedert Februarie 2012. Om mee te begin, was dit al vir my 'n besondere voorreg om as redakteur van *Die Christelike Vrou* aangestel te word. Dit is selfs nog méér van 'n voorreg dat ek hierdie heerlike taak al vir tien jaar kan doen.**

Natuurlik het ek van die begin af 'n hele span agter my gehad en kon ons so saam-saam ons gedagtes, gewaarwordinge, ondervindings en kennis met ons lesers deel. In die tien jaar wat verby is, het 'n menigte skrywers my hande gesterk en kon ons (so glo ek) elke uitgawe met trots uitgee.

Met hierdie mylpaal in gedagte, wou ek graag terugkyk op die afgelope tien jaar en 'n klompie hoogtepunte bymekaar bring. Ek het gou agtergekom dat dit eintlik 'n onbegonne taak is! Hoe kies 'n mens? My aanvanklike gedagte was om slegs al die redaksionele artikels bymekaar te sit in een uitgawe, maar daar is baie artikels deur medewerkers wat ná tien jaar steeds in my gedagtes bly vassteek.

Toe ek tien jaar gelede aangestel is, was een van my mikpunte om soveel nuwe skrywers moontlik te gebruik. Dis tog lekker om 'n wye verskeidenheid stemme en opinies te hoor. Ons het artikels gekry van professionele skrywers sowel as van mense wat skrikkerig was om iets in te stuur. Ek en die redaksie motiveer egter voortdurend hierdie mense omdat hulle wél 'n storie het om te vertel. Ek het selfs 'n paar keer Engelse artikels gekry wat ek moes vertaal. Ek weet nie hoeveel keer dit voor my tien jaar as redakteur gebeur het nie, maar ek het 'n hele paar keer ook vir die manne kans gegee in ons publikasie.

Dit was regtig vir my heerlik om elke keer iemand anders se stem te hoor en die lewe te beskou uit daardie skrywer se hoek. Dankie vir elke bydrae wat ons al gekry het en vir elkeen wat nog op pad is.

Laastens, aan elke leser van ons publikasie: As julle nie lees wat ons skryf nie, kan ons maar netsowel ophou skryf. Dankie vir jul ondersteuning, aanmoediging, idees, geduld en al die mooi dinge. Ons hoop en glo dat julle nog lank na ons sal luister en jul harte vir ons sal oopmaak. Laat weet ons gerus ook waaroor julle nog graag sal wil lees.

Hannelie



*God is aan my kant*



**'n Gehoor wil graag verras word – met iets wat hulle verwag. Aan dié verwagting voldoen ek deur te praat oor godsdiens. Maar die groter verrassing, hoop ek, is dat ek juis anders daarvoor gaan praat as wat verwag word.**

Die lewe is 'n labirint, en om elke hoek en draai loop jy by wyse van spreke vir God raak. Die ontmoeting met God kan die vorm aanneem van –

- stille kameraadskap (Adam se wandeling in die tuin saam met God; Elia op die berg);
- worsteling (Jesus in Getsemane: *Vader, as dit u wil is, laat hierdie beker by my verbygaan; Job in sy ellende: Here, kyk tog net 'n bietjie weg van my af*);
- ontroering (Tomas: *My Here en my God*);
- dankbare erkenning (Ps 16: *...Wat ek ontvang het, is vir my mooi*);
- onwrikbare oortuiging (Dawid in Ps 56: 10: *Dit weet ek: God is aan my kant*); of
- lof aan God (Ps 103: *Loof die Here, o my siel, en alles wat in my is sy heilige Naam*).

So leef iemand wat oortuig is dat God in sy of haar lewe aanwesig is, en op daardie grondslag 'n morele mens is met integriteit en waardigheid.

Ek nog nooit gedink ek het al die antwoorde nie. Ek is nie een van daardie dominees wat met 'n welluidende stem en geveulde woorde God se raad bedien vir 'n ieder en elke omstandigheid nie. Ek is 'n ekspert *second guesser*, een wat tussen my mense staan en soms verwilderd rondkyk en vra: Wat is hier aan die gang? Die lewe gebeur met ons. Ons word gekarnuffel. Partykeer diep gewond, sodat ons met ons lewe daarvan afkom – letterlik én figuurlik. En dan smag 'n mens na koestering en geborgenheid.

Ons moet ons lewens takseer, maar soms is ons ook maar net gewoon bang om agtertoe te kyk. Die geskiedenis het mos 'n manier om die foute en flaters van die verlede duidelik uit te wys. Die eerste vraag wat jy moet antwoord as jy die verlede besoek, is of jy betekenis toegevoeg het tot die lewe van mense met wie jy te doen gehad het. Sukses is nie hoeveel grade jy agter jou naam skryf nie; hoe 'n vername pos jy het nie; hoeveel geld jy maak nie; hoe goed jou kinders presteer nie. Dit is alles dinge wat oor jouself gaan, wat j<sup>ou</sup> in die sentrum hou. Maar daar is 'n ander toets – dié een waar jy gemeet word aan die waarde wat jy toevoeg tot ander se lewens. Dit is die toets waar jy jou waarde laat bepaal deur die betekenis wat jy vir ander het. Daarvoor kan jy nie self iets sê nie – ander moet daarvoor getuig.

Elke mens staan in 'n netwerk van verhoudinge. Ons is betrokke by hierdie man of vrou of kind wat aan ons verbind is. Dit is my man, my vrou, my kind of kleinkind; my pa of ma of oupa of ouma; my broer of suster. Ons word gebind met bande van bloed; meer as dit, ons is verbind met bande van liefde en waardering, en selfs die dood kan dit nie verbreek nie, want ons herinneringe hou dit in stand.

Ek het heelwat navorsing gedoen oor die klassieke mitologie. Ek het ook die begeerlike luukse gehad om te kon nadink oor godsdiens. Ek het met talle mense gepraat, sommige baie meer kundig oor aanverwante onderwerpe as ekself. Ek het vroe gevra om uit te vind presies wat mense eintlik glo van God, die kerk, die wêreld, die bese en die ewigheid. Ek het uitgevind dat ek jare lank aanvaar het dat die mense vir wie ek elke Sondag preek, eenvormig glo soos ek op universiteit geleer is. Toe ek begin navraag doen of dit werklik so is, het 'n heel ander prentjie te voorskyn gekom. Mense se geloof is genuanseerd en uniek. Dat hulle bereid is om dit onder een noemer te plaas, byvoorbeeld Christelik, Protestants en nugter of charismaties, is toe te skryf aan 'n klomp faktore wat met die amptelike leer en sienings van die kerk min te doen het. Vir 'n groot deel gaan dit oor



# God is aan my kant

Vervolg

omstandighede en persoonlikhede, en oor die egtheid en opregtheid van die predikant in sy of haar lewe saam met die mense. Deur my navorsing het ek talle nuwe perspektiewe op godsdiens ontdek, totdat ek vandag kan weet God is vry om ons te ontmoet soos Hy wil, nie soos ons wil nie.

Om te preek, is 'n waagstuk. Dat ons met gesag iets oor God wil sê, is al klaar aanmatigend. Dat ons daarmee rigting en betekenis aan mense se lewens probeer gee, is dubbel gewaagd. Albei aspekte gee te kenne dat ons genoeg weet om leiding oor sulke sake te kan gee. Dit was die volgende saak waaroor ek nagedink het: Wat weet ons werklik van God af?

'n Skrywer moet sy of haar boek of artikel in 'n enkele sin kan opsom. Dit is om seker te wees presies wat jy wil sê, sodat jy nie tyd verspil op allerhande syspore nie. Net so moet 'n mens uitmaak wat jy glo, en jy moet dit sê in so min woorde moontlik. Dit staan bekend as die "onverminderbare minimum". Daardie minimum is nie verbonde aan 'n spesifieke godsdiens nie. As Christene dink en praat ons op 'n sekere manier oor God, en ons druk dit uit in ons belydenisse. Die Jode, Moslems, Hindoes en Boeddhiste doen presies dieselfde. Elkeen van ons moet uit ons geloofskassie uitklim as ons die minste oor God wil sê, want God is nie 'n Moslem nie, en ook nie 'n Christen of Hindoe nie. God is God, en groter as ons godsdienstige tradisies.

My onverminderbare minimum lees só, nadat ek dit gestroop het van oorbodige detail: God bestaan, en Hy is aan my kant. Ek vind bevestiging hiervan in die aangrypende getuienis van Dawid waar hy in Psalm 56: 9-12 sê:

My ellende het nie ongemerkt by U verbygegaan nie,  
U het op my trane gelet.  
in u boek staan hulle opgeteken.  
Die dag wanneer ek na U roep om hulp,  
val my vyande terug.  
Dít weet ek: God is aan my kant.  
In God, wie se woord ek prys,  
in die Here, wie se woord ek prys,  
in God stel ek my vertrouwe,  
ek is nie bang nie.  
Wat kan 'n mens aan my doen?

Met hierdie oortuiging bly ek staande in die wêreld.



*Piouter*



# Piouter

Ds Hannelie Botha

## Pewter – the colour of your eyes.

Hierdie sinnetjie het my gefassineer. Dit kom uit 'n boek wat ek jare gelede gelees het. Behalwe dat dit in die konteks van die boek 'n gelaaide sinnetjie was, het ek begin wonder oor piouter en of mense regtig oë kan hê wat die kleur daarvan is. Ná al die jare het ek vir die eerste keer gisteraand gaan Google-loer vir piouterkleurige oë. Pragtig! Vroeër sou ek hierdie kleur oë seker grys of ligblou genoem het, maar piouter klink tog soveel meer dramaties!

Ewenwel, hierdie artikel gaan nie oor oë nie, maar wel oor piouter.

By [Fellowship Foundry: Pewter History](#) kry ek die volgende inligting:

Piouter is 'n tinlegering (Eng: *tin alloy*) – dit wil sê enige mengsel van metale wat ten minste 51% tin bevat. Fyn piouter, soos Fellowship Foundry-mengsels, bevat egter 90-95% tin, met die res 2-8% antimoon of koper, en 1-2% bismut. (In historiese tye was 2-3% lood algemeen in plaas van antimoon. Maar vandag is alle kwaliteitpiouter loodvry!)

Die vroegste bekende piouter is 2 000 jaar gelede in China gemaak. Maar tin is so vroeg as 3700 vC deur die Egiptenare gebruik en word ten minste twee keer in die Bybel genoem. Die Romeine het piouter vir kantoorseëls en ander klein toestelle gebruik. Die Romeinse besetting van Brittanje het baie te doen gehad met die beveiliging van die Engelse tin-, koper- en loodmyne van Cornwall – die grootste ter wêreld destyds. Deur die Middeleeue en Renaissance was tin, lood en koper steeds Engeland se belangrikste uitvoerprodukte, naas wol. In 1290 het Edward I meer as 300 piouterborde, -soutpotjies en -bakke gehad. Hy het blykbaar geen silwerborde gehad nie. Teen 1390 het piouterborde en -eetgerei algemeen deur die adelstand en hoë kerkmanne in Frankryk in gebruik gekom.

“The Worshipful Company of Pewterers” van Londen dateer uit 1348 en die bewind van Edward III, en het pioutersmede gereguleer om 'n hoë kwaliteit piouter te handhaaf. Teen die 15de eeu is piouter deur alle klasse gebruik. Dit het 'n hoogtepunt in die 17de eeu bereik met meester-tinmakers in Brussel, Neurenberg, Parys, Antwerpen, Londen, Boston en New York.

Met die massaproduksie van porselein-eetgerei in die 18de eeu, het die gewildheid van pioutertafelgerei afgeneem. En uiteindelik, teen die Victoriaanse era, het elektroplatering pioutergereedskap van ons tafels verwyder. Maar terwyl die hoeveelhede afgeneem het, het die kwaliteit van die vakmanskap toegeneem, met van die grootste Art Nouveau-werke en skeppings uit die kunsvlytperiodes wat in piouter gegiet is.

Piouter is vandag steeds 'n gesogte metaal vir moderne beeldhouers.

Die kuns van piouterwerk word in alle uithoeke van die wêreld beoefen. Dit het 'n sterk Spaanse konneksie. *Repujado* (Sp: om uit te stoot) en *repoussé* (Fr: teruggedryf, in reliëf opgehef) is woorde wat algemeen gebruik word wanneer na hierdie kunswerke verwys word.

Die tradisionele repoussé-tegniek (bosseleerwerk) wat histories deur die pioutersmid of metaalsmid beoefen is, was 'n veel meer fisiese kuns wat



# Piouter

Ds Hannelie Botha

gewoonlik in 'n werkswinkelomgewing deur 'n bekwame vakman beoefen is. Dikker, stewiger metaal is gebruik. Die merke of inkepings in die metaal is met hamers en beitels gemaak. Die metaal word in plek gehou met 'n ondersteunende materiaal (*pitch*) terwyl daar aan die skepping gewerk word.

Die gemoderniseerde weergawe wat vandag deur kunstenaars en kunstvluyters beoefen word, gebruik sagter, dunner metaalplate, wat dit baie makliker maak om 'n soortgelyke afwerking te verkry. Hier moet die agterste spasies gevul word, as gevolg van die sagtheid van die metaal, en 'n sponsie word gebruik om ondersteuning te gee. Die gereedskap is die soort wat vir kunstvluyt gebruik word. Hierdie gemoderniseerde weergawe is 'n opwindende en vervullende stokperdjie wat min gereedskap en 'n klein werkruiimte benodig.

Die werk sluit verskeie tegnieke in: oopwerk (kantwerk), vergulding/goudblaarwerk, reliëfwerk, gemengde media, verf en patina-effekte, hoë-reliëf, lae-reliëf, ets en gravering (*chasing*), en driedimensionele beeldhou-effekte.

In die Desember-vakansie het ek, saam met vyf ander vroue (en een man) van my familie, 'n heerlike kreatiewe ervaring gehad. Ons het 'n klas by [The Pewter Room](#) bygewoon en elkeen die buiteblaaie van 'n klein notaboekie uit piouter gemaak. Ek het selfs 'n beginnerstel vir myself gekry waarmee ek nou allerhande mooi goed vir my nuwe huis wil maak. Wie gaan saam met my hierdie opwindende reis aanpak?



*Om te speel as jy nie meer jonk is nie*

---





# Om te speel as jy nie meer jonk is nie

Ds Hannelie Botha

**Ek het nou al verskeie artikels gelees of video's gesien oor aftreeorde en tehuise vir bejaardes wat wonderlike aktiwiteite vir inwoners aanbied. Die een wat my vandag geïnspireer het om hierdie artikel te skryf, is oor 'n aftreeoord geleë iewers waar dit sneeu. Die opskrif by die [video](#) is iets soos: *As dit te koud is om buite toe te gaan of as jy te oud is, moet sneeupret maar binnetoe gebring word.***

Die personeel (of dalk was dit van die inwoners self?) het toe binnenshuise sleë gepraakseer deur opgeblasde binnebande bo-op 'n platform met wiele vas te maak. Die konstruksietjies is toe vrolik versier deur sneeuvlokkies daarop te verf. En toe? Toe klim die inwoners en personeel een-een op die binnebande en word (nie baie stadig nie!) deur mede-inwoners of personeel deur die gange gesleep. Prettig! Ek glo dat daardie aksie vir nog lank in almal se gedagtes gaan vassteek en dat almal met dieselfde glinstering in die oë daaraan sal terugdink.

Die [ander video](#) was oor inwoners wat op rolstoele gesit het terwyl personelede die stoele stoot. Elke persoon in die rolstoel het 'n stuk gereedskap in die hand gehad wat gemaak is van die een of ander stok (of besem of iets) en wat aan 'n kleinerige wasgoedmandjie of ander plastiekhouer vasgemaak is. In die middel van die vloer was 'n klomp balle, en elke inwoner en personeellid moes met die stuk gereedskap probeer om soveel balle moontlik bymekaar te maak. Iemand noem dit somer *Hungry Hippo*. Dis 'n behoorlike gegiggel en gelag en prettigheid.

'n Derde video het 'n professionele musikant gewys wat saam met die inwoners dromsessies hou – met groot opgeblasde balle en dromstokkies. En hier plaaslik by ons dorp se tehuise is onlangs 'n lekker outydse boeredans gehou.

Ja, ek weet baie (of dalk selfs die meeste) van die aktiwiteite wat hier genoem is, is seker deel van arbeidsterapie, maar dit lyk so lekker!

Al die geykte uitdrukkings is waar: 'n Mens is so oud soos jy voel; ouderdom is net 'n syfer; 'n mens hou nie op speel omdat jy oud word nie, jy word oud omdat jy ophou om te speel. Dink maar net hoe jy as grootmens dit geniet wanneer jy regtig "oorgee" en net lekker saam met jou kinders of vriende of wie ook al "speel". Baie ysbrekers wat ons by vergaderings of ander geleenthede gebruik, is eintlik maar speletjies wat ons op ons gemak moet stel.


Ek wil elkeen wat vandag hier lees, uitdaag om meer te speel. Of jy nou tien jaar oud is of 100 jaar – maak tyd vir speel. Gaan Google-loer gerus by *Games for Seniors* of iets soortgelyk as jou kreatiwiteit 'n bietjie rus en jy nie kan dink aan lekker aktiwiteite nie. Ek het by [greatseniorliving](#) en op Pinterest oulike idees gesien – baie daarvan kan kinders en jongmense saam met Ouma en Oupa speel.

Die belangrikste is: Kom aan die speel en geniet dit!



Medewerkers aan hierdie uitgawe:  
Ds Hannelie Botha (redakteur), dr Piet van Staden  
Taalversorging: Tessa Oppermann

Foto's vanaf [www.Pixabay.com](http://www.Pixabay.com) tensy anders vermeld. Ander grafika van [www.flaticon.com](http://www.flaticon.com)  
Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na [admin@nhsv.org.za](mailto:admin@nhsv.org.za)

 <a href="http://www.nhsv.org.za">www.nhsv.org.za</a>	 Posbus 111, Worcester 6849	 <a href="mailto:diechristelikevrou@gmail.com">diechristelikevrou@gmail.com</a>
 <a href="https://www.instagram.com/diechristelike">diechristelike</a>	 <a href="https://www.youtube.com/ChristelikeVrou">Christelike Vrou</a>	 082 923 9439

Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van *Die Christelike Vrou* se redaksie of die NHSV nie.